Blitsgids: RSS-voere

Weergawe 1.0 - Augustus 2017

Sophia Kapp

28/08/2017

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

1 Waarom benodig ek 'n RSS-voer?

Die internet is 'n ryk bron van inligting wat nuuskieriges en nuus-gieriges ure lank kan vermaak. Maar dit is terselfdertyd die wêreld se grootste rommelhoop, volgeprop met 'n geskinder, fopnuus en ander dwaalleer, en dit kan lei tot 'n enorme tydverkwisting en uiteindelik tot sosialemedia-uitbranding.

Gelukkig is dit moontlik om die interessanthede wat 'n mens wel op die internet raakloop steeds te lese te kry sonder om dit in 'n kletsruimte soos Facebook of Twitter te gaan haal. Die RSS-voerfunksie is spesiaal hiervoor ontwerp. So bly jy ingelig en deel van 'n internasionale kennisgemeenskap sonder dat jy vasval in 'n geklets of 'n verbale vuisgeveg op 'n sosialemediablad.

Hierdie gids is spesifiek geskryf vir gebruikers wat op sulke RSS-voere wil inteken maar nie weet hoe om dit te doen nie.

2 Wat is 'n RSS-voer?

“RSS” staan vir “rich site summary” (of soms “ really simple syndication”) en webtuistes of -blaaie waarvan die inhoud kort-kort verander, soos nuus- en leefstylblaaie en blogs, maak tipies hiervan gebruik. Die eienaars/instandhouers van die blad besluit self dat die inhoud deel mag wees van 'n RSS-voer en dui dit dan aan met 'n ikon wat min of meer so lyk:

As jy op 'n blad beland waarvan die inhoud vir jou interessant is en jy bywerkings wil sien sonder om elke keer na die blad te navigeer, klik jy gewoon op dié ikon en die inhoud van die blad word deel van jou RSS-voer.

VivA se RSS-ikon verskyn bo aan ons blogblad:

Jy kan ook op ons podsendings inteken:



3 Jy benodig waarskynlik 'n RSS-leser

Afhangend van die internetsoekenjin wat jy gebruik, is dit dalk nodig om jou RSS-voere deur middel van 'n leser te verkry. Indien jy byvoorbeeld van Chrome gebruik maak, gaan jy net die programmeringskode sien as jy op 'n blad se RSS-ikon klik:

```
<?xml version="1.0" encoding="utf-8"?>
<!-- generator="MYOB" -->
<?xml-stylesheet href="/media/k2/assets/css/magnific-popup.css?v2.7.1" type="text/css"?>
<?xml-stylesheet href="/plugins/system/ytshortcodes/assets/css/shortcodes.css" type="text/css"?>
<rss version="2.0" xmlns:atom="http://www.w3.org/2005/Atom">
        <channel>
                <title>VivA</title>
                <description><![CDATA[VivA Afrikaans - Virtuele Instituut vir Afrikaans]]></description>
                <link>https://viva-afrikaans.org</link>
                <lastBuildDate>Mon, 17 Jul 2017 09:38:45 +0200</lastBuildDate>
                <generator>MYOB</generator>
                <atom:link rel="self" type="application/rss+xml" href="https://viva-afrikaans.org/nuus?format=feed&amp;type=rss"/>
                <language>af-za</language>
                <item>
                        <title>Koerante, tydskrifte is voedingsbron vir Afrikaans</title>
                        <link>https://viva-afrikaans.org/nuus/item/275-afrikaans-in-die-media</link>
                        <guid isPermaLink="true">https://viva-afrikaans.org/nuus/item/275-afrikaans-in-die-media</guid>
                        <description><![CDATA[<div class="K2FeedIntroText"><p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">In alle tale gaan ontwikkeling en
verandering met nuutskepping gepaard: die vorming van nuwe woorde vir nuwe dinge. Om in hedendaagse bronne, soos die <em>Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal</em> en die nuwe
<em>Afrikaanse woordelys en spelreëls</em>, eietydse taalgebruik akkuraat te weerspieël, moet ons nie net speurtogte onderneem in groot korpusse van geskrewe Afrikaans nie, maar daagliks
ook die gedrukte én die niegedrukte media fynkam. </span></p>
<p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">D</span><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">ie ekserpering van nuwe
woorde en uitdrukkings vir nuwe idees, gebeurtenisse en uitvindings maak van my dagtaak as leksikograaf 'n belangrike onderdeel uit: die deurblaai van boeke, koerante en tydskrifte
(sowel e- as p-publikasies); deesdae ook webblaaie en blogs, plasings op Facebook en twiets en dies meer; dikwels met die radio of televisie, 'n Afrikaanse podsending, liedjie of
kletsrym op die agtergrond; want v</span><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">ir opname in die <em>HAT</em>, ook in die <a href="https://longman-
hat.co.za" target="_blank" rel="alternate">aanlyn</a> <em>HAT</em>, én in die <em>AWS,</em> is die vind van genoeg bewyse – dat nuutskeppings in genoeg verskillende bronne gebruik word
om hulle insluiting te regverdig – 'n belangrike vereiste.</span></p>
<p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">Nuuskierig oor wat alles op 'n woordeboekmaker se radarskerm verskyn?</span></p>
<p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">Hier is 'n paar voorbeelde van woorde en uitdrukkings wat die afgelope week my aandag getrek het en nou op
die <em>HAT</em> se dophoulys is (in geen spesifieke volgorde nie):</span></p>
</div><div class="K2FeedFullText">
<p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif; color: #000000;"><strong>Semigrasie</strong>, <strong>semigreer</strong>, <strong>semigrant</strong></span>
</p>
<p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;"><span style="color: #000000;">"SA het 'n nuwe <span style="color: #3366ff;">semigrasie-bestemming</span>."
Dit is die opskrif van Elma Kloppers se <a style="color: #000000;" href="http://www.netwerk24.com/Sake/Eiendomme/sa-het-n-nuwe-semigrasie-bestemming-20170713" target="_blank"
rel="alternate">berig</a> (<em>Netwerk24</em>, 14 Julie) oor die Wes-Kaap wat nie meer Suid-Afrika se "enigste gewilde semigrasie-bestemming" is nie. Deesdae stroom <span style="color:
#3366ff;">semigrante</span> glo ook "na die groener weivelde van</span> die noordkus van KwaZulu-Natal".</span></p>
<p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">By nadere ontleding, ook van ander berigte en tekste, kom ek agter dat die woord "<span style="color:
#3366ff;">semigrasie</span>" reeds geruime tyd in die Suid-Afrikaanse eiendomsmark gebruik word, veral met verwysing na mense uit middel- tot hoërinkomstehuishoudings in Gauteng. As dit
vir hulle te duur is om die land te verlaat en hulle in 'n ander land te vestig (te emigreer), verkoop hulle hulle huise en verhuis na ander gebiede in hulle eie land (<span
style="color: #3366ff;">semigreer</span>).</span></p>
<p><em><strong><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">Paragiopagurus atkinsonae </span></strong></em></p>
<p><span style="font-size: 12pt; font-family: arial, helvetica, sans-serif;">So heet 'n "unieke <a href="https://www.news.uct.ac.za/images/userfiles/images/news/2017/2017-07-11-
```

In so 'n geval moet jy 'n leser aflaai waarmee jy die RSS-voer kan ontsyfer. Die lekker daarvan is dat al jou voere in dié leser verskyn en dat jy dit kan opstel soos wat dit jou belangstellings pas. Jy kan voere bysit en wegneem, en jy kan al jou voere in 'n enkele venster te siene kry.

Daar is verskeie lesers beskikbaar, maar die gewildste een is **Feedly**, en jy kan dit hier aflaai. Die ikon lyk so:

Daar is ook Feedly-toepassings beskikbaar vir Android en Apple – jy kan jou RSS-voer met ander woorde op jou rekenaar of jou selfoon lees. Kyk in Google Play en die iStore onderskeidelik.

Feedly is heeltemal gratis, maar jy moet as gebruiker registreer. Jy kan met jou Google- of Facebook-rekening aanteken, of jy kan net van voor af registreer as 'n gebruiker. Jy doen dit op die landingsblad.

4 Hoe kry ek my RSS-voer aan die gang?

Sodra jy op Feedly as gebruiker geregistreer is, sien jy so 'n venster:



In hierdie venster kan jy sommer dadelik inteken op voere wat Feedly aanbeveel en wat wêreldwyd gewild is. Daar verskyn op die landingsblad en onder die blokkie wat hier bo vertoon word 'n hele klomp kategorieë waarin daar gewilde RSS-voere gegroepeer is. Dit lyk so:



Indien nuusgebeure jou interesseer, kan jy byvoorbeeld op nuusblaaie inteken. Jy klik op **#news** en dan verskyn die rits voere waaruit jy kan kies. In hierdie skermskoot sien jy die boonste twee wat aangebied word:



Indien jy byvoorbeeld *The New York Times* se voer wil ontvang, klik jy op “Follow” in die groen blokkie. Feedly sê vir jou om 'n versameling (“collection”) te skep sodat jy al jou nuusvoere in daardie versameling kan plaas.



Links op die bladsy verskyn jou versameling met al die voere wat jy in daardie versameling gelaai het:



Feedly vra ook vir jou wat jou spesifiek in daardie voer interesseer. Jy kan sleutelwoorde (“keywords”) spesifiseer oor onderwerpe, persone of handelsmerke wat jy wil volg. Jy word dan in kennis gestel indien daar 'n plasing is wat daardie woord bevat. Jy kan in so 'n nuusvoer byvoorbeeld insit “South Africa”, dan kry jy al die berigte oor Suid-Afrika. Jou sleutelwoorde daarvoor sal natuurlik in Engels wees, want die blad is in Engels.

Onder aan dié blad is daar 'n skakel met tutoriale wat jou help indien jy sukkel.



5 Hoe laai ek ander voere waarin ek belangstel op Feedly?

Jy kan enige tyd ander voere waarin jy belangstel op Feedly laai. Links onder aan die bladsy is daar 'n groen knoppie met “Add content” en as jy daarop klik, kan jy “Sources” (die voere self) of “Keyword alerts” (sleutelwoorde) byvoeg.



As jy byvoorbeeld VivA se blogs in Feedly wil byvoeg, navigeer jy na VivA se blogblad onder Lees | Luister > Blogs en kopieer die adres (bo in die adresbalk):

Dié adres plak jy dan in die Feedly-venster:



Jy kan hierdie voer ook in 'n kategorie plaas sodat dit saam met jou ander taalvoere gegroepeer word:

6 Maak inteken maklik met die “Subscribe”-uitbreiding

As jy Chrome as soekenjin gebruik, kan jy dit vir jouself makliker maak om op voere in te teken deur 'n uitbreiding af te laai wat jou in staat stel om direk van die webblad af op die voer in te teken, sonder om te kopieer en te plak. Die uitbreiding staan bekend as “Subscribe to Feedly” en is [hier] te kry. Die landingsblad lyk so:



Klik gewoon op die groen blokkie bo regs om dit af te laai.

Wanneer jy dan op 'n blad met RSS-voer beland, verskyn die Feedly-ikon regs van die adres:



Klik op dié ikon en jy word na jou Feedly-blad geneem waar jy die opsie het op die voer te volg. Klik op “Follow” en voeg dit by jou voere soos jy al die ander voere gelaai het.

7 Hoe lees ek my voere op Feedly?

As jy Feedly oopmaak en klik op die naam van 'n kategorie wat jy geskep het, vertoon al die voere in daardie kategorie. “All” vertoon die inhoud van al die voere waarop jy ingeteken het. Die nuutste byvoegings in die voere verskyn boaan die lys. Klik op die naam van die berig, artikel of blog wat jou interesseer. As jy eers een keer op die naam geklik het, verskyn dit nie verder in jou voer nie.

8 Maak Feedly meer vaartbelyn

Daar is uitbreidings wat jy kan aflaai om Feedly meer gebruikersvriendelik te maak as jy wil. Kyk hier vir 'n bespreking daarvan. Dit is saamgestel deur 'n Feedly-gebruiker en nie nodig om Feedly te laat werk nie. Dis sommer net lekker ekstras as jy dit meer vaartbelyn wil maak.